Die moderne Ile de France
BARS UIT SY NATE

Deur Gert van der Linde

Doelgerigte teling en seleksie vir eienskappe wat ekonomiese voordele bied, werp vrugte af in die Ile de France-skaapras. Die moderne Ile de France beskik oor fenotipiese eienskappe wat funksionele doeltreffendheid verseker, asook die genetiese vermoë om winsgewende slaglamproduksie te verseker.

Die Ile de France is uiters gewild in voerkrale omdat hy die vermoë het om baie vinnig gewig aan te sit. Onder normale voedingstoestande word 'n gewig van 19 tot 22kg op 42 dae, en 35 tot 46kg op 100 dae, behaal. Dit stel die slaglamprodusent in staat om reeds op 100 dae lammers te bemark. In 'n na-speen ramgroeitoets is 'n uitstekende gemiddelde daaglikse toename (GDT) van 704g behaal.

Die kampioen- en reserwekampioen Ile de France-karkasse by ALFA 2018.

Die verskillende Ile de France-vleissnitte.

Prestasies in slaglamkompetisies

Die Ile de France lewer puik gespierde karkasse met egalige vetverspreiding sonder oormatige vet. Resultate wat in slaglamkompetisies behaal is, het die uitstaande karkas- en vleiseienskappe van die Ile de France onteenseglik bewys.

'n Ile de France-lam is verlede jaar by ALFA 2018 in Parys as die kampioen aan die hak in die Virbac Interras-slaglamkompetisie aangewys. Altesaam twaalf rasse het aan dié kompetisie deelgeneem.

Ile de France-lammers het ook die eerste vyf enkelkarkasplasings aan die hak verwerf in die Hoëveld TAU Voere-slaglamkompetisie. Hulle is ook as kampioengroep aan die hak aangewys. Altesaam 120 lammers van verskeie rasse is vir dié kompetisie, wat ook tydens ALFA 2018 aangebied is, ingeskryf. Een van die deelnemers se Ile de France-lammers het 41,8kg op die hoef geweeg en 21,98kg uitgeslag.

Nog 'n noemenswaardige prestasie is die feit dat 'n elfde en twaalfde plek deur twee Ile de France- en Meatmasterkruislammers verwerf is – 'n uitstekende bewys dat kruisteling met Ile de France-ramme die bouvorm en karkasgehalte van lammers verbeter.

Die 2017 Royal Skou-slaglamkampioen was 'n Ile de France, wat op 107 dae teen 23,3kg uitgeslag het. 'n Punt van 99,37% is behaal en die lam is vir R1 350/kg opgeveil.

Verlede jaar het Annatjie le Roux, 'n 81-jarige kommersiële teler van Vergeleë wat al sedert 1975 met Ile de France-skape boer, 'n derde plek in die nasionale South African Meat Industry Company-slaglamkompetisie behaal met 'n punt van 98,92%.

Potensiaal met kruisteling

Basterkrag se volle potensiaal word deur kruisteling met Ile de France-skape ontsluit,

'n Trop Ile de France-kruislammers.

aangesien dié ras in Frankryk geteel is en daar geen genetiese verwantskap is met die dubbeldoelrasse wat plaaslik ontwikkel is nie.

Francois van Wyk van die plaas Gelegenfontein in die Burgersdorp-distrik vertel dat sy pa Ile de France-ramme op sy Witdorper-tipe ooie begin gebruik het. Hierdie kruislammers presteer uitstekend op gemengde gras- en bossieveld en hy bemark telkemale lammers wat sowat 6kg swaarder as sy suiwer lammers is. Teen heersende pryse is dit 'n addisionele R183 per lam in sy sak.

Met die styging in wolpryse die afgelope jare het sterk klem op die seleksie van diere met aanvaarbare goeie wol geval. Fred Vermaak en sy dogter, Cornelia, is Dohne Merinoboere van die plaas Schoongezicht in die Memel-distrik. Hulle gebruik die afgelope sewe jaar Ile de France-ramme op hul ooie. Die lammers se lewenskragtigheid is uitstekend en eerstekruisvervangingsooie lewer 'n goeie kempvrye vag van 22 mikron.

Vir meer inligting, skakel June Wiid van die Ile de France Skaaptelersgenootskap van Suid-Afrika by 051 410 0953 of stuur 'n epos aan idf@studbook.co.za.